

# Regte Christenskap... regte groei

Kolossense 1:1-14

## Inleiding

- In elke dorp, ook in Vanderbijlpark, is daar verskillende idees oor Christenskap:
- Jy moet 'n kluisenaar op 'n eiland wees –
  - raak nie, smaak nie, roer nie aan nie.
  - Hoe valier en minder gelukkig jy is – hoe meer van 'n Christen is jy
- Almal is mos maar Christene en maak maar foute – mens kyk net so bietjie verby dit en gaan aan.
  - Kerk is eintlik net vir basaars
  - Visvangkompetisies
  - En trou...en begrafnisse
  - So n gemeenskapsentrum idee
- Jy moet super Christen wees –
  - spiritueel met jou eie geestelike taal
  - jy self jou huis met Sonneblom olie en seën dit in die bloed van Jesus
  - val elke naweek om in die Gees
- Gee maar almal ruimte, elke blinde ou het mos net 'n deel van die olifant beet.
  - Wie weet nou eintlik wat waar is
  - Elkeen moet net gelukkig wees
- Sien... dis hierdie gemors van kerke waarvan ek praat... die regte ding ...is om jou eie ding te doen.
  - Ek vind God in die natuur
  - Die Lone Ranger.
- Daar is baie opsies op die rak wat deurgaan as “Christenskap”.

- “Hier is ware verlossing!!”
- Hoe weet jy watter een is regtig reg om jouself aan oor te gee?
- Daar was baie lank terug 'n plek waar dit net so gegaan het.
  - 'n Dorp met die naam Kolosse.
  - Daar was verskillende idees oor egte Christenskap.
  - Die vraag waarmee 'n kerkie in Kolosse gestoei het, was:
    - Watter ‘brand’ Christenskap is nou die regte een:
      - Die een wat sekerheid kan gee...
      - Wat egte verlossing beet het en dit lewe.
- Baie Christene hier stoei met dieselfde vrae.
- Die brief Kolossense is geskryf om hulle deur die probleem te help.
  - Die skrywer, Paulus, ken hulle nie en was nog nie daar nie...
  - maar, deur wat hy gehoor het, kan hy sommer op 'n afstand sien
    - dat hulle eintlik al klaar min of meer op die regte spoor is.
- So, om hulle te help vertel hy hulle dan hier aan die begin van die brief
  - wat hy by hulle sien [v1-8],
  - wat hy vir hulle bid [inzoom] [v9+10]...
  - en wat die kern ratte van Christenskap is [10-14].

[LESS TEKS HIER]

- En dis vandag ons vrae oor onself en Vanderbijlpark waarin ons lewe:
  - Wat sien jy as Christen in jouself en ander raak?
  - Wat bid jy?
  - Wat is die ratte van egte Christenskap?

## **Wat sien jy?**

- Baie mense weet nie waarna om te kyk om agter te kom of 'n sekere brand Christenskap werk of nie werk nie.
  - Dis soos iemand wat trots is sy blink duur kar ..... wat se enjin stukkend is.
  - Dit werk nou nie regtig nie, maar dit lyk goed en jy kan vir almal vertel jy het een.
    - Dis die tipe Christenskap waarmee baie mense sit.
- Maar die eintlike vraag om te vra is: Ry die ding?
- In vers 4 beskryf Paulus dat hy sien hulle 'geloofskar' het 'n enjin wat ry.
  - Die enjin werk en hulle is op die regte pad want hy sien 2 dinge:
    - Hulle het geloofsvertroue in Jesus
    - en is vir mekaar lief.
  - Geloofsvertroue in Jesus is as jy Jesus vertrou en daarom keuses maak wat nie-Christene nie sal nie.
    - Keuses oor bv. jou geld, jou verhoudings, jou loopbaan en jou vrye tyd.
    - Jy is nie bang oor wat jy gaan verloor as jy met daardie dinge doen wat Jesus jou oortuig om te doen nie. Jy vertrou.
  - Die tweede ding wat wys dat jou Christenskap eg is,

- is dat jy soms jousef benadeel tot voordeel van ander.
  - Jy gee nie omdat jy ekstra het nie, jy gee al is dit al wat jy het.
  - Dis 'n goeie definisie van Bybelse liefde.
- Dis die twee verklinders om voor te kyk as jy wil weet of jy regte Christenskap beet het:
    - Geloofsvertroue in Jesus en liefde vir ander mense.
- Waar kom dit vandaan? V5
    - Wel, wat jou daarvan verlos om net jousef te vertrou en net jousef lief te hê, is
      - as jy 'n vaste wete het [Bybelse idee van hoop] oor
        - Jesus wat in die Hemel is
          - die enigste ver-troubare een is
          - Wat vir jou lief is
        - Dan gaan jy mos nie meer net jousef vertrou en gulsig wees met wat jy het nie.
      - En hierdie vaste-anker kry jy net as jy die regte evangelie reg beet het.
        - Die goeie nuus dat God vertrou kan word
        - om goed en genadig te wees vir 'n slegte mens soos jy,
        - soos Hy bewys het met die dood van Jesus aan die kruis.
- Van die ander kant af werk dit dan so:
    - As jy die regte evangelie reg beet het,
    - het jy vaste sekerheid [hoop] oor Jesus
    - en dan kan jy Hom vertrou en liefde weggee.

- V6,7,8 sê dis die tipe Christenskap wat daardie tyd die wêreld deurgetrek het
- Dis waarvoor jy moet kyk!
  - Nie aan die een kant vreemde geestelike goeters nie,
  - of aan die ander kant wie is die strengste.
  - Het die blink kar rêrig 'n enjin wat werk?
- Nou... as dít egte verlossende Christenskap is...
  - Wat in mense van Trinitas hoort
  - Hoe bid jy daarvoor vir groei in jou eie lewe.

## Wat bid jy?

- As ek so luister bid Christene gewoonlik maar sulke wollerige vae goeters.
  - Here hier kom hierdie ding:
    - Wees by my/ons...
    - Help my/ons om...
    - Seën my/ons...
    - vergewe my/ons...
- En dan dink ons dis om met die Heelal-Skepper te praat oor myself as sy dissipel-volgeling.
- Maar hoe leer ons hier om te bid oor groei in hierdie egte Christenwees
- Kyk waarvoor word hier gebid:
  - **Dat** julle God se wil sal ken [v9],
    - **sodat** julle doen wat Hy vra [v10]
      - **deurdat** 'n paar dinge in julle teenwoordig is [v10,11,12].

- Kom ons kyk in meer detail na hierdie tipe bid
- Hy bid basies net vir kennis.
  - Letterlik bid hy “dat julle volgemaak sal word met die kennis van sy wil”.
    - Hierdie woord vir kennis verwys spesifiek na eerstehandse kennis wat mens deur ervaring opdoen.
    - Soos jy wat eers jou nuwe selfoon se funksies ken nadat jy baie daarmee gewerk het – niemand lees mos die boekie nie!
  - So hy bid dat Christene propvol met 1stehandse kennis van God se wil sal wees soos 'n spons vol water.
    - Dis iets anders as om net te bid: Help my, wees by my, seën my... omdat ek voel ek weet nie hoe om te maak nie.
- So... moenie wollerig bid nie,
  - bid vir spesifiek hierdie 1ehandse kennis.
    - Vader, hier is nou 'n ding voor my.
      - Gaan saam met my so in hierdie ding in dat ek U eerstehands in aksie kan sien en so U persoonlik beter leer ken. En dan weet hoe om daarin saam met U te werk.
- Hierdie ‘saamwerk’ is waarna v 10 verwys:
  - v10 “Sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang”
- Sodat jy kan weet wat en hoe om in jou situasie te maak
  - wat Jesus vir jou wêreld wil hê

- En Hom groot gaan maak in ander mense se oë

En dan die res van die vers 10:

“Mag julle vrugte dra deur goeie werke en [nog] toeneem in die kennis van God”

- In en deur hierdie dinge wat jy dan doen gaan jy God net nog meer eerstehand ken.
  - Dis soos ‘n sirkel van doen en leer,

### **Doen en leer ...en doen en leer.**

- Dis eintlik eenvoudig.
  - As jy weet wat God dan nou wil... en jy vertrou Jesus...
    - so jy doen wat jy weet gedoen moet word.
    - Al maak dit nie sin nie en voel jy dat jy nie kan nie...
    - al sou jy eerder DSTV sit en kyk
  - dan gaan jy in daardie ‘doen’ net nog groei in jou 1e handse kennis van God.
  - Dis wat die vrugdra en groei in kennis van vers 10 met mekaar temake het.
  - Soos wat jy besig is met God en sy wil, leer jy van God en sy wil, 1e hands.
  - Soos wat jy met jou nuwe foon werk, leer jy van die foon.
  - Dis mos wat ‘n dissipel/vakleerling/appy van Jesus doen!! doen en leer en doen en leer en doen en leer...
    - en dis waarvoor hy ook in sy lewe bid:

- “Here, ek gaan nou 'n ding aanpak in geloof, ek weet eintlik niks daarvan nie - leer my asb. daarin meer van wie U is.”
- Mense, ...dis heeltemal anders as om vaagweg te bid: “Wees by my”

### **Volhard geduldig**

- En, as jy God so 1e hands leer ken...
  - leer ken jy ook sy krag en vermoë waar jou krag en vermoë ophou!
  - Dít gee jou dan krag, oortuiging en sekerheid om vas te byt.
  - Dis vers 11.
  - As jy al lank daardie foon het en jy haak bietjie vas,
    - gaan jy jou mos nie sommer laat vertel hoe dit werk
    - deur iemand wat gister 'n prentjie van so foon gesien het nie.
  - Jy weet dat jy net geduldig moet volhard want dit is maar partykeer moeilik om die fyn goedjies uit te 'figure'.

### **Dankie, met blydschap**

- So,
  - 'n Dissipel doen, en leer so 1e hands meer van God,
  - volhard geduldig met krag en,
  - die laaste ding hier,
    - is uiteindelik met blydschap baie dankbaar om so saam met God te lewe in Vanderbijlpark.
- Daar is nie 'n angstigheid van:
  - “Oe, nou weet ek nie meer nie, nou's ek onseker.



- Niemand weet regtig nie.
- Eks bang ek maak 'n fout" nie.
- Met blydschap kan ek net dankie sê...

## **Evangelie**

- ... want, sê vers 12-14,
  - dis die Vader wat my uit die donker van alleen rondval in my lewe
  - na die lig van sekerheid bring.
- Hy het my oë vir die evangelie oopgemaak
  - om myself te sien vir wie ek is,
    - iemand verdwaal en vasgevang in die donker,
  - en Jesus te sien vir wie Hy is,
    - die Koning van die lig wat my uit liefde kom verlos om te lewe.
- As jy na jou lewe kyk en nie verlos voel nie.
  - Christen in naam ...maar nie die lewe voel nie.
  - Nie hierdie manier ken van saam met Jesus 1stehands lewe nie
  - Hoor hoe Hy magtig genoeg is om enige mens geskik te maak om
    - Om hierdie skat van 'n lewe saam met God
    - In 'n plek van lig te hê
  - Sit jou wollerige gebed eenkant en gaan praat met God daaroor.

## **Slot**

- Oor Christenskap is daar genoeg opinies.
- Egte Christenskap kan jy uitken aan
  - geloofsvertroue in Jesus

- en liefde wat daardie mense regtig iets kos.
- Dit kom uit 'n vaste hoop dat Jesus so goed en betroubaar is as wat die evangelie ons vertel Hy is.
  - Toets ander... en jouself!
- Waarvoor moet jy dan bid vir groei hierin?
  - 1ehandse kennis wat die Gees jou sal gee
  - sodat jou jy kan doen wat Hy vra
  - en dis 'n lewe waarin jy
    - doen en leer en doen en leer
    - met krag geduldig kan volhard
    - en met vreugde regtig dankbaar kan wees,
      - want die goeie nuus oor Jesus is die fondasie van als.
- Dís egte Christenskap waarin jy verlos is... dis egte groei!

**Amen**

Griffel van Wyk, Trinitas, 1 Maart 2014